higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT(BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 2

(4101042)

2 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

019Q1N2202

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 140

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Visueel	(30)
AFDELING D: Taal in praktyk	(40)
AFDELING E: Kommunikasie in praktyk	(30)

2. Beantwoord al die vrae.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: LEESBEGRIP

Lees die onderstaande leesstuk goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Tant Poppie, die roosterkoek-diva

1 Vir baie lank was daar net een ding in reisigers se gedagtes as hulle op die N1 deur Laingsburg gery het en dit was die 1981-vloed wat die dorpie getref het. Maar deesdae is dit ook die geliefde tannie Poppie van As en haar liplekker roosterkoeke wat op almal se lippe is.

2 Sy is nou al jare lank die vriendelike gesig met haar uitskiet roosterkoeke wat sy in die middel van dié Karoodorp by haar eie padstalletjie verkoop. Die geliefde roosterkoek-tannie laat mense elke keer terugkeer vir nog 'n roosterkoek en om 'n geselsie aan te knoop.

3 Aan die begin het sy saam met haar man konstruksiewerk op die N1 gedoen. Dit was moeilike werk, onthou tant Poppie. In haar agterkop het sy egter geweet sy gaan eendag iets anders doen. Op Touwsrivier en Laingsburg was daar op daardie stadium nie lekker vars gebakte brood nie. Tant Poppie het toe die gaping gesien en die res is geskiedenis.

4 Vandag staan sy van vroeg tot laat voor haar rooi waentjie en bak roosterkoek wat jou mond laat water. Tannie Poppie maak haar roosterkoeke met deeg wat sy snags knie. Sy verkoop dit op straat, vars van die rooster af, aan vakansiegangers en die plaaslike inwoners. Jy kan kies: roosterkoek met botter of met kaas-en-jêm of roosterkoek met wors en 'n sous – tamaties-en-uiesmoor, soetrissie, blatjang ... die een so lekker soos die ander!

5 Dis waar die fietsryer Stan Engelbrecht, van Kaapstad, se pad met tant Poppie se roosterkoeke gekruis het. Hy kon net nie die heerlike roosterkoekgeur weerstaan nie. Maar dit was eintlik tant Poppie se persoonlikheid wat hom verstom het – 'n bondeltjie sprankelende energie, maar tog baie nederig. Stan het sommer keer op keer teruggegaan na tant Poppie se stalletjie.

6 Sommer gou was tant Poppie 'n bekende gesig by al die fietswedrenne waar Stan betrokke was. Eroica Suid-Afrika kom jaarliks bymekaar om die ou Italiaanse padfietskultuur te vier. Toe Italiaanse verteenwoordigers van Eroica Suid-Afrika haar by die jaarlikse Eroica-byeenkoms ontmoet, het hulle haar genooi om 'n Eroica-fietsrygeleentheid in Italië te gaan bywoon. Vir tant Poppie wat nog nooit buite die grense van die Wes-Kaap was nie, was dit 'n groot geleentheid wat sy nie wou mis nie.

7 Ook Karen Zoid, die rocksangeres, het tant Poppie vereer deur haar as gas na haar kletsprogram, Republiek van Zoid Afrika, te nooi. Tant Poppie het hier 'n koopbewys van R5 000 ontvang om haarself te bederf sowel as R12 000 om vir haar meel vir haar roosterkoeke te koop.

Kopiereg voorbehou

8 Die Covid-19-pandemie het egter ook vir tant Poppie swaar getref. Haar besigheid moes tydelik toemaak en sy was bang. Gelukkig het mense haar bly ondersteun en sy het donasies van reg oor die wêreld ontvang. Dit het haar gehelp oorleef en sy is baie dankbaar daarvoor.

9 Toe sy maande later, nes al die ander restaurante, weer die groen lig kry, het sy begin bak dat die biesies bewe. Tant Poppie hou aan planne maak en haar hart loop oor van stories. Haar geloof is sterk en sy glo vas daar sal nog meer deure vir haar oopgaan.

[Aangepas uit: *Maroela Media*]

1.1 Aan watter TWEE dinge dink ons as ons vandag deur Laingsburg ry? (2)

1.2 Watter tipe werk het tant Poppie jare gelede saam met haar man gedoen? (1)

1.3 Wie is, volgens paragraaf 4, tant Poppie se klante by haar rooi waentjie? (2)

1.4 Tant Poppie verkoop onder andere roosterkoek met wors en verskillende souse daarby. Noem TWEE van hierdie souse. (2)

1.5 Dit lyk asof Stan Engelbrecht vir tant Poppie geluk gebring het vandat hy haar ontmoet het totdat die Covid-19-pandemie die land in 2020 getref het.

Som die uitsonderlike dinge wat in hierdie tyd met haar gebeur het puntsgewys op. Doen die opsomming in jou EIE woorde. (2)

1.6 Lees paragraaf 2.

Wat lei ons omtrent *tant Poppie* af uit die feit dat

1.6.1 mense elke keer terugkom vir nog 'n roosterkoek?

1.6.2 mense elke keer terugkeer om 'n geselsie aan te knoop?

ONTHOU: Jy moet die antwoorde in jou EIE woorde gee.

(2 × 1) (2)

1.7 Waarom kan ons sê dat tant Poppie hardwerkend is? Soek jou antwoord in paragraaf 3. (2)

1.8 Tant Poppie is iemand met drome en ideale. Verduidelik waarom ons so sê. (Gee jou antwoord in jou EIE woorde). (2)

1.9 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die sin WAAR te maak.

Stan Engelbrecht het tant Poppie gereeld gaan opsoek <u>net omdat hy van haar roosterkoek gehou het.</u> (1)

Kopiereg voorbehou

1.10 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is. Gee die antwoord in jou EIE woorde.

Die Covid-19-pandemie het tant Poppie se besigheid totaal vernietig. (1)

1.11 Wat word bedoel met die volgende onderstreepte woorde:

1.11.1 Tant Poppie het <u>die gaping</u> gesien

1.11.2 en die <u>res is geskiedenis.</u>

(2 × 1) (2)

1.12 Dink jy die Eroica-groep het die regte ding gedoen om tant Poppie uit haar bekende omgewing te vat en oorsee te stuur? Lei jou motivering uit die leesstuk af. (1)

1.13 Kyk na die woordeboekdefinisie hier onder van die woord 'diva'. Sê dan of jy dink die titel pas by die res van die artikel. Jy moet jou antwoord staaf.

diva s.nw.(-s) **1.** Eerste sangeres van 'n opera. **2**. Iemand wat moeilik is om tevrede te stel. **3.** Iemand wat haarself as baie belangrik sien. 4. Iemand wat suksesvol, positief, vol pret en charismaties is. (2)

1.14 Verduidelik wat die waarde van hierdie teks is. (2)

1.15 Wat is die naam van Karen Zoid se kletsprogram? (1)

1.16 1.16.1 Wat dink jy gebeur in 'n kletsprogram? Lei jou antwoord uit die woord 'klets' af.

1.16.2 Hoe het Karen Zoid gewys dat sy tant Poppie waardeer?

(2 × 1) (2)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die antwoord langs die letter (A–D) in die ANTWOORDBOEK neer.

Hierdie teks is 'n ...

A deel van tant Poppie se marknavorsing.
B advertensie wat in pamfletformaat versprei word.
C koerantartikel wat gedruk en digitaal verskyn het.
D mooi verhaaltjie wat een van ons skrywers uitgedink het. (1)

1.18 Watter reaksie kan tant Poppie verwag nadat mense hierdie teks gelees het? (1)

1.19 Gestel jy is die burgemeester van Laingsburg. Jy is baie bly dat tant Poppie gehelp het om toeriste na Laingsburg te lok.

Gee EEN voorstel hoe jy tant Poppie sou wou vereer vir haar rol in Laingsburg. (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2: OPSOMMING

Lees die onderstaande teks aandagtig deur.

Elektrisiteit word al duurder en ons mag nie daarmee mors nie. Hier volg nou wenke hoe om elektrisiteit te bespaar.

- Som hierdie wenke in SEWE volsinne op.
- Skryf die sinne puntgewys onder mekaar neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming moet 60–70 woorde wees.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Wenke om elektrisiteit te bespaar

1. As jy saans gaan slaap, wanneer jy die huis verlaat of wanneer jy nie jou selfoon gebruik nie, hoef die laaier nie ingeprop te wees nie. Dit trek krag selfs al is jou foon nie besig om te laai nie.

2. Jy sal baie krag spaar as jy die geiser afskakel voor jy soggens die huis verlaat en weer aanskakel wanneer jy tuiskom. 'n Geiser gebruik baie elektrisiteit.

3. Jy hoef nie altyd 'n ketel vol water te kook nie. Maak seker dat jy net genoeg water ingooi vir die hoeveelheid koppies tee wat jy wil maak.

4. As julle 'n groot gesin is wat almal soggens moet stort, is dit belangrik dat elkeen so vinnig moontlik stort sodat die vraag na krag nie so hoog is nie.

5. 'n Gewone oond of stoof gebruik baie meer krag as 'n mikrogolfoond. Gebruik dus liewer 'n mikrogolfoond wanneer jy kan. Dis net so goed soos jou stoof en nog vinniger ook!

6. Energiebesparende gloeilampe gebruik baie minder krag as gewone gloeilampe. Kies dus reg.

7. Maak jou gordyne gedurende die dag wyd oop sodat die huis genoeg sonlig kry en jy nie nodig het om ekstra ligte aan te skakel nie.

[Bron: Aangepas uit:*Solidariteit*,16 November 2016]

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: VISUEEL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bennie Boekwinkel
gee vyf HAT's weg – nou in digitale formaat!
Net studente mag inskryf!



Wen 'n HAT!

- Waarde: R750
- Beantwoord die volgende vraag: Wie is die uitgewer van hierdie woordeboek?
- SMS jou antwoord, naam, van, kontakbesonderhede en adres na 35760.

Kompetisiereëls

- Werknemers van **Bennie Boekwinkel** en hul gesinne mag nie inskryf nie.
- Sluitingsdatum: 12 Augustus 2022

[Bron: *Eie verwerking*]

VRAE

3.1 Wie is die uitgewer van die HAT? (1)

3.2 Wat is die pryswaarde van hierdie woordeboek? (1)

3.3 Noem TWEE uitstaande kenmerke van die 6de uitgawe van die HAT. (2)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord in die ANTWOORDBOEK neer.

Wie is die teikenmark vir hierdie kompetisie?

3.4.1 Biblioteke
3.4.2 Uitgewers
3.4.3 Studente (1)

3.5 Waarvoor staan die afkorting (akroniem) HAT? (1)

3.6 Watter tipe kommunikasiemetode moet jy gebruik om aan hierdie kompetisie deel te neem? (1)

3.7 Wie mag nie vir hierdie kompetisie inskryf nie? (1)

3.8 Dink jy mense sal meer lees as boeke en tydskrifte op hul selfone of rekenaars (in digitale formaat) gelaai word?

Staaf jou antwoord met TWEE feite. (2)
[10]

VRAAG 4: GRAFIESE VOORSTELLING

Bestudeer die weerkaart hieronder aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: *netwerk24.com*, 2017]

4.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord in die ANTWOORDBOEK neer.

Hierdie weerkaart het in 'n ... verskyn?

4.1.1 Nuusbrief
4.1.2 Tydskrif
4.1.3 Koerant (1)

4.2 Watter tipe weerstoestande kan jy verwag as jy van Oos-Londen na Cradock reis? (1)

4.3 Hoe sterk waai die wind in Kaapstad? (1)

4.4 Watter plek in Suid-Afrika gaan die hoogste maksimum temperatuur hê? (1)

4.5 Watter soort weer het Upington op 26 Oktober 2017 gehad? (1)

4.6 Vul die ontbrekende woord in. Skryf net die ANTWOORD langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

Die plek met die laagste minimum temperatuur is ... (1)

4.7 Volgens die weerkaart, gaan Pretoria se maksimum temperatuur laer as Johannesburg s'n wees.

4.7.1 Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is.

4.7.2 Watter tipe kleredrag sou jy dan iemand aanbeveel om daardie dag in Pretoria te dra?

(2 × 1) (2)

4.8 Waar sou jy verkies het om op 26 Oktober 2017 te wees? Klerksdorp of George? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[10]

VRAAG 5: ONTRUIMINGSPLAN

'n Skoolgebou in Oudtshoorn staan leeg en daar word besluit om nog 'n TVET-kollege daar te open.

Bestudeer die ontruimingsplan wat die skool gehad het aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

ONTRUIMINGSPLAN / EVACUATION PLAN



[Teks verskaf deur Sarel Nienaber]

5.1 Waaruit kan ons aflei dat hierdie skool dalk leerders of onderwysers gehad het wat in rolstoele was? (1)

5.2 Gestel daar het 'n brand in die stoorkamer uitgebreek.

5.2.1 Kies die KORREKTE antwooord uit dié tussen hakies.

Die (kantoorpersoneel/die leerders in klaskamer 5) sou die meeste sukkel om by die versamelpunt in die vierkant uit te kom.

5.2.2 Staaf jou antwoord.

(2 × 1) (2)

5.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

Die pyle op hierdie plan dui die … aan.

A plek waar die brand was
B rigting waarin die rook getrek het
C rigting waarin almal moes beweeg
D plek waar die brandblussers en -slange was (1)

5.4 Waar dink jy behoort hierdie ontruimingsplan opgeplak te word? Staaf jou antwoord. (2)

5.5 Hoeveel badkamers/kleedkamers het hierdie gebou? (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.6.1–5.6.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.6.1 Die kafee is die naaste aan die (rekenaarlaboratorium/saal).

5.6.2 Die stoorkamer is (links/regs) van die hoof se kantoor.

5.6.3 Klaskamers 8 en 9 lê aan die (noorde-/suidekant) van die kampus.

(3 × 1) (3)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 6

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.33) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A BOU VERHOUDINGS ...	KOLOM B INSTRUKSIES		
Ouers verwag van hulle (6.1 kind) om goed te (6.2 presteur/presteer). Hulle gaan (6.3 partykeer) so ver om selfs 'n loopbaan te kies wat hulle dink vir hul kind geskik is.	6.1	Gee die meervoud.	(1)
	6.2	Kies die korrekte spelling.	(1)
	6.3	Gee 'n woord met dieselfde betekenis. (sinoniem).	(1)
Daar is bevind dat jongmense studierigtings volg wat nie hulle (6.4 kies) is nie. Ouers moet (6.5 baie seker) maak dat hulle nie die kind se studierigting kies nie.	6.4	Gee die regte vorm van die woord.	(1)
	6.5	Gee die intensiewe vorm.	(1)
OUERS ONTHOU: As studente ondersteun word, sal hulle net beter (6.6 in/op/by) skool of kollege vaar. (6.7 Hulle gooi ook nie so maklik tou op nie.)	6.6	Kies die regte voorsetsel.	(1)
	6.7	Skryf die sin oor in die toekomende tyd.	(2)
(6.8 Soek hulp vir jou kind. Dit sal jou kind motiveer.)	6.8	Verbind die sinne met die voegwoord: want	(2)
Moenie 'n te hoë (6.9 eis/ys) aan jou kind stel nie.	6.9	Kies die korrekte woord.	(1)
Jou kind moet voel hy of sy kan (6.10 elke dag) met jou oor enige probleem gesels.	6.10	Gee een woord.	(1)
(6.11 Alle jongmense het hul ouers nodig.)	6.11	Skryf die sin oor in die ontkennende vorm.	(2)
Dit is die (6.12 goed) om enige probleem saam op te los.	6.12	Gee die oortreffende trap.	(1)
Daar is baie (6.13 dinge) wat jy en jou kind saam kan doen. Sluit aan by 'n (6.14 ontspanning+klub) waar julle saam aan (6.15 aktiwiteite) kan deelneem. (6.16 Dit kan julle verhouding versterk).	6.13	Gee die verkleinwoord.	(1)
	6.14	Vorm een woord.	(1)
	6.15	Verdeel die woord in lettergrepe.	(1)
	6.16	Skryf die sin oor as 'n vraagsin.	(1)
Daar word van alle ouers verwag om (6.17 fyn) ingestel te wees teenoor hul kind se toekoms. (6.18 Ouers moet seuns en dogters ondersteun).	6.17	Gee die vergrotende trap.	(1)
	6.18	Skryf die sin oor in die lydende vorm. Begin die sin só: Seuns en dogters	(2)

Die volgende vrae is op die strokiesprent hier onder gebaseer.



6.19 Gee die vroulike geslag. (1)

6.20 Kies die regte antwoord:
Die sin in die spraakborrel is 'n (vraagsin/uitroepsin/bevelsin). (1)



6.21 Skryf die getal in woorde: 750 (1)

6.22 Wat beteken die uitdrukking? (2)



6.23 Skryf die sin oor in die verlede tyd. (2)

6.24 Gee die verkleinwoord. (1)

Kopiereg voorbehou

John se ma stuur die volgende e-pos vol foute aan sy dosent. Die foute is vetgedruk. Skryf die vraagnommers (6.25–6.34) ondermekaar in die ANTWOORDBOEK neer en verbeter dan die foute. Jy hoef nie die volledige e-pos oor te skryf nie.



(10 × 1) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE

7.1 Waar sal jy die onderstaande kennisgewings vind? Kies jou antwoord uit die blokkies hieronder. Jy mag 'n antwoord slegs EEN KEER gebruik.

Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

in 'n woud/park waar daar droë bome is	in 'n biblioteek waar studente sit en leer	in 'n bus
in 'n dieretuin of wildtuin	in 'n vliegtuig	in 'n winkel waar mense moet toustaan
naby 'n heining met elektrisiteit	in 'n parkeerarea	by 'n begraafplaas
op 'n hek voor 'n huis	by 'n piekniekplek	by 'n voetoorgang naby 'n skool

7.1.1



7.1.2



7.1.3



7.1.4

Moet asseblief nie die diere voer nie.

7.1.5

IN 'N NOODGEVAL, STAMP DIE RUIT UIT

7.1.6



7.1.7



7.1.8

Stilte asseblief

7.1.9



7.1.10



(10 × 1) (10)

7.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.2.1	'n Groot kennisgewing, met 'n prent daarop, wat in openbare plekke geplaas word	A	slagspreuk
		B	strooibiljet
7.2.2	'n Woord of frase wat maklik onthou word en wat in 'n advertensie gebruik word	C	teikenmark
		D	plakkaat
7.2.3	'n Baie dun boekie wat inligting oor iets gee	E	pamflet
		F	notule
7.2.4	'n Kleinerige vel papier wat 'n produk adverteer en aan baie mense uitgedeel word		
7.2.5	'n Opsomming of weergawe van alles wat op 'n vergadering gesê is		

(5 × 1) (5)

7.3 Bestudeer die volgende scenario en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.





Terwyl Terrence weg was vir werk in Thailand, was Janice, sy meisie, in 'n ongeluk betrokke met sy nuwe viertrekvoertuig. Sy het dit net so in die motorhuis gaan parkeer sonder om vir Terrence te sê. Hy is nou terug en toe hy sy voertuig sien, het hy Janice dadelik gebel – sommer daar waar sy werk. Terrence praat sommer Afrikaans en Thais deurmekaar. Waar Janice werk, is MTN-seine baie swak. Sy kom ook van Thailand af, maar praat glad nie Afrikaans of Engels nie.

7.3.1 Dink aan die model wat die kommunikasieproses voorstel. Skryf slegs die regte antwoord langs die letter (a–d) in die ANTWOORDBOEK neer.

In hierdie scenario is (a) ... die sender en (b) ... is die ontvanger. Die kommunikasiekanaal is (c) ... Die boodskap word (d) ... (skriftelik/mondeling) oorgedra. (4)

7.3.2 Wat word tydens hierdie gesprek as geraas gesien? (1)

7.3.3 Hoe voel Terrence oor wat gebeur het? Staaf jou antwoord deur na Terrence se lyftaal te kyk. (3)

7.3.4 Waarom kan ons sê dat die konteks van hierdie gesprek 'n invloed op die uitruil van hul gedagtes en woorde gaan hê? Verwys in jou antwoord na Terrence en Janice. (2)

7.3.5 Dink aan die kommunikasiekanaal wat Terrence gekies het.

(a) Waarom is dit nie geskik nie? Staaf jou antwoord met TWEE redes. (2)

(b) Watter kommunikasiekanaal sou beter wees? (1)

7.3.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord langs die letter (a–b) in die ANTWOORDBOEK neer.

(a) In hierdie scenario was daar (intrapersoonlike/ interpersoonlike) kommunikasie tussen Terrence en Janice.

(b) Neem nou die antwoord wat jy NIE by 7.3.6 (a) gekies het nie. Hoe dink jy sou Janice daardie kategorie kommunikasie gebruik het?

(2 × 1) (2)

[15]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 140

Kopiereg voorbehou